**<u>OORDENKING</u> : DIE HERE WIL JOU VOORBEREI EN HELP OM NA ANDER MENSE MET SY BLYE EVANGELIE UIT TE REIK**

**<u>TEMA</u> : Die Here gebruik mense om ander mense vir Hom te bereik; ja ,'n mens soos Esegiël, maar Hy wil ook vir JOU gebruik!** *Lees Esegiël 2 en 3*

In die Bybelboek Esegiël sien ons hoe die Here Esegiël voorberei om ander mense vir Hom te bereik (en waaruit ons ook kan leer); kom ons noem dit **DIE UITREIK-VOORBEREIDINGSPAD:**

1) Die Here sê vir Esegiël **om Sy Woord te eet**, dit deel van homself te maak (2: 8-10; 3: 1-3) *<u>Dink na:</u> Lees en bestudeer jy nog regtig God se Woord soos wat jy moet?*
2) Die Here sê hy moet **gaan** (3:4, 11, 22). *<u>Dink na:</u> Dit kan gebeur dat ons wel aandag daaraan gee om God se Woord te lees, maar nooit tot aksie oorgaan om te gaan doen en dit wat ons daaruit leer, aan ander te gaan meedeel nie. Hoekom nie?*
*<u>Wat dink jy:</u> beteken "gaan" net "gaan na mense baie ver weg", of net "gaan na die mens wat langs jou woon" of dalk albei, maw gaan daar waar die Here jou stuur, ver of naby?*
3) Hy het **tussen die mense gaan sit** by die Kebarrivier, daar waar hulle woon (3:15); hy moes in 'n huis tussen hulle in die vallei gaan wag (3:23). Dus tyd om te hoor hoe die mense dink, redeneer, hul omstandighede te leer ken, uit te vind hoe hulle oor God dink, ens. *<u>Dink na:</u> Gebeur dit nie soms dat ons instorm en halsoorkop mense wil aanspreek en reghelp en dan teenstand beleef, juis omdat ons nie geduldig wag op die regte tyd wat die Here vir ons aanwys nie?*
4) Hy moes **gaan praat** (3:1), gaan sê (3:4), hulle gaan aanspreek (3:10), Here se opdrag gaan uitvoer deur te gaan sê (3:27). *<u>Dink na:</u> Miskien is dit waar van ons dat ons punte 1-3 doen (Bybel kennis opdoen, uitbeweeg tussen mense, wag op regte tyd), maar wanneer die Here sê dat dit tyd is om ander van Hom te vertel, bly ons stil. Hoekom? Dalk vrees?*

OM ONS TE HELP OM TE GAAN PRAAT, EN ASOF DIT NIE GENOEG IS DAT DIE HERE ONS MET BOGENOEMDE VOORBEREI OM ANDER VIR HOM TE GAAN BEREIK NIE, MAAK HY DIT VIR ESEGIëL / ONS NOG MAKLIKER; **BEMOEDIG HY ONS** MET DIE VOLGENDE:

1) Onthou, dis die Here wat jou stuur (o.a.2:3) Jy kan met gesag gaan praat
2) Onthou, die Here bepaal waarheen Hy jou stuur of juis nie stuur nie (3:5-6) Dit maak dit makliker as jy wonder nou waar moet jy gaan – die Here sal jou wys. *<u>Dink na:</u> wat sou makliker gewees het; as die Here jou na mense ver weg wat jou nie ken nie, stuur, of hier naby na mense wat jou ken?*
3) As jy wonder wat jy moet gaan sê, of voel jy moet nou eers 'n resep of rympie bestaande uit klomp Bybeltekste leer wat jy vir hulle kan gaan opsê, onthou: gaan sê maar net *wat die Here sê* (2:4,7 en 3:11,27). Gaan vertel dus wat die Here jou op die hart lê
4) As jy wonder wat die mense gaan sê/hoe hulle gaan reageer op dit wat jy sê, as jy dink "maar sê nou hulle wil nie na my luister nie", onthou: jy moet maar net *gaan sê* wat die Here sê, of hulle moedswillig, hardkoppig, opstandig, weerbarstig is of nie (2:3-5), of hulle luister of nie (2:5,7 en 3:11,27). *Jou taak is om te gaan sê, dis hulle verantwoordelikheid wat hulle daarmee doen.*
5) Moenie bang wees nie, vir hulle skrik nie (2:6 en 3:9); Hoekom nie? Want die Here stuur jou nie alleen nie. Deurgaans is Esegiël bewus van God se Gees wat by hom betrokke is (2:2 en 3:12,14,22,24)

**Broer, Suster, die Here wil ook JOU gebruik om ander mense vir Hom te bereik.LUISTER(2:8)! VERTEL(3:18-21)!**

*Da Leon Tait*

NED. GEREF GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID
SAAM BOU ONS AAN SY KONINKRYK

# Die Rietfluit

Ek het U hart-lik lief o Heer

Maandblad Augustus 2009

## 2009 is die jaar van herlewing

## <u>Herlewing</u>: *Here maak my méér soos Jesus!*



God se hoofdoel met elke kind van God is nie dat ons maar eendag hemel toe gaan of meer godsdienstig is of so bietjie beter vaar in die lewe as ander nie. *Hy wil ons verander!*
God wil ons al meer vorm sodat ons aan Sý doel vir ons lewe sal beantwoord. HY wil ons meer soos Jesus maak! Daarom sê Paulus: *my kinders ek verkeer ...in geboortepyne oor julle totdat Christus in julle gestalte kry (Gal4:19).*

Feëverhale vertel hoe 'n padda in 'n prins verander, hoe 'n lelike eendjie in 'n swaan verander en hoe 'n marionet in'n seuntjie verander. Jou lewensverhaal wat God besig is om van jou te skryf is veel beter as die beste feëverhaal. Sy verhaal oor jou vertel hoe HY 'n sondaarmens in 'n kind van God verander en aanhou om jou te verander om al meer soos Jesus te word. Dit is jou en my verhaal!

Die tragedie is dat ons vandag in kerke sit met talle mense wat sê hulle is kinders van God, maar nie verander nie en God se doel vir hul lewe geheel en al mis.

Om soos Jesus te word beteken nie om meer godsdienstig te word nie byvoorbeeld om meer Bybel te lees, meer bid, meer godsdienstige aktiwiteite te beoefen, vromer te praat ensomeer nie. Hierdie is godsdienstige randmerkers en nie wesenlik nie. Die kernvraag waaroor dit gaan om meer soos Jesus te word, is: *het ons God meer lief en ander mense meer lief?*


Indien iemand nie verander nie is daar groot fout net soos met 'n kind van 10jaar wat nog kruip, bottel drink en doeke dra. 'n Kind van God wat nie meer en meer soos Jesus word nie is geestelik ernstig siek en het dringend hulp nodig.

Daarom bid ons in die gemeente vir herlewing! Daarom is ons tans besig met 'n reeks oor lewensverandering met die oorhoofse tema: *Here, maak my nuut!* Mag jy ook die vernuwende werk van die Gees gedurende hierdie tyd ervaar.

Herlewing begin by jou en my wanneer ons opreg bid: *Here, maak my meer soos Jesus!*

*Ds Leon van Heerden*

## ‼ Onthou-Datums ‼



- 2 Augustus @ 9:00 *Lewensverandering preek-reeks (deel 1):* Uitdagings op die pad na Lewensverandering
- 9 Augustus @ 9:00 *Lewensverandering preek-reeks (deel 2):* Die sleutel en krag vir Lewensverandering
- 14, 15 & 16 Augustus Leierspanberaad
- 21 Augustus @ 19:00 Brood-vir-Nood funksie (NG Wbm-Suid)
- 23 Augustus @ 9:00 *Lewensverandering preek-reeks (deel 3):* Lewensverandering in die praktyk
- 30 Augustus @ 9:00 Gesamentlike Kinderdiens & gemeente-tee
- 30 Augustus @ 9:00 Bybel Sondag! (Ds Fanie Loots – B4B)
- 31 Augustus Gemeenteleraarsberaad
- KOM IN RAT VIR ONS KARNAVAL OP 12 SEPT 2009 !!!

## OMGEEGROEPE

### Waaroor gaan dit - Wat sê die Bybel?

- Fokus op mekaar:

  As ons die Nuwe Testament lees, sien ons die belangrikheid van die "mekaar opdragte". Paulus skrywe byvoorbeeld aan die Christene in Kolosse dat hulle mekaar moet liefhê, mekaar moet vermaan, geduldig moet wees met mekaar, verdraagsaam moet wees, mekaar moet vergewe, in vrede met mekaar moet lewe en mekaar moet onderrig en leer (Kol 3:12-17). As kerk van Christus moet ons mekaar se laste dra (Gal 6:1-2), mekaar bemoedig en versterk (1 Tess 5:11), mekaar dien (Gal 5:13) en vir mekaar bid (Jak 5:16). Die Bybel veroordeel selfsug en eie belang en leer ons om nie op ons eie te probeer Christen wees nie. Die opdragte van die Nuwe Testament dwing ons om saam te lewe in kleingroepe en uit te reik na mekaar en mekaar met ons gawes te bedien.

- Groei tot volwassenheid:

  Die geheim vir geestelike groei is daarom ook om nie net te ontvang nie, so bly ons geestelike babatjies wat net by die melkkossies gaan bly (Heb 5:12-14). Geestelike volwassenheid kom wanneer ons begin uitreik na mekaar en begin gee van dit wat ons ontvang het.. As Christene moet ons nie net kerk toe kom nie, ons moet dit wat ons ontvang, uitdeel vir ander. Ons moet begin om te getuig, te dien en met ons gawes mekaar geestelik te help.



## Barmhartigheid Taakspanne

**Tee by begrafnisse**: Sophie von Brandis en haar span (in die afwesigheid van Ester Meere) reël vir tee en die skink daarvan, tydens begrafnisse. Die laaste tyd was hulle baie besig met tot drie begrafnisse per week. Kontak Sophie by (012)331-3993 indien jy graag betrokke wil raak of wil help.

**Siekesorg:** Pierre Malan organiseer dat lidmate wat siek is by die huis, besoek word, en dat daar na hulle dringende behoeftes omgesien word. Pierre sal nog hulp in diè verband waardeer. Hy kan gekontak word by (012) 331- 3119.

**Werksklas** word gehou op Donderdag middae. Onder leiding van Afke Heptema word naaldwerk klasse aangebied aan enige iemand wat daarvoor vra. Hulle is op die oomblik besig om lappieskomberse vir behoeftiges te maak. Afke se kontak nommer is (012) 330-1400 indien jy wil deelneem.

**Allimentasie** is geld en/of kos pakkies wat aan gemeentelede voorsien word wat behoefte daarvoor het. Die taak word deur ds. Leon van Heerden en Allan Prentice behartig. Die behoeftes in die gemeente het met die ressessie groter geword en enige bydraes in terme van onbederfbare voedsel is baie welkom. Indien u hulp benodig of hulp wil aanbied kontak Allan Prentice by (012)331-626 of enige van die leraars.

## Taakspanne vir Getuienis

Getuienis is die derde been van die Uitreik Bediening. Om te getuig is om te vertel van iets wat jy ondervind of gesien het. Die doel van getuienis is om ander in te lig van 'n saak, sodat hulle weet dat die saak waar is. Dit is presies wat ons dan ook probeer doen by Getuienis; om die boodskap van Jesus en sy Verlossing uit te dra na ander wat dit nie ken nie. Getuienis behels verskeie fasette, o.a.: uitdeel van Bybels, te vertel, boodskappe te stuur, saambid met ander en deur ons optrede en gedrag.

Ons het Bybels in swart tale beskikbaar by die kerkkantoor indien u vir werkers wil gee. Kontak Jeanette de Beer by die kantoor vir meer inligting.

Saam met ander Bedieninge en onder leiding van die leraars word 'n groot uitreik, om die gemeenskap te wys wat dit beteken om 'n Christen te wees, beplan vir 2010. Kontak di. van Heerden of Tait vir meer inligting van hierdie opwindende aksie.

Op een of ander manier is al die Bedieninge en alle lidmate betrokke by Getuienis; daarom is die Getuienis Aksie hoofsaaklik 'n beplanning en koördinerende aksie. Ons wil graag mense betrokke kry met idees en 'n passie om Jesus en Sy boodskap uit te dra.

Kontak gerus ds. Tait (082 601 4235) of Carl de Beer (083 443 9256) vir meer inligting.



# Sending

**Sending** beteken om ander van jou geloof te oortuig. Christene oortuig ander van die Christelike geloof deur liefde te gee en 'n helpende hand uit te reik na ander. By sending word verder verstaan dat die Woord van God buite die grense van die sendelinge se gewone omgewing verkondig word. Omdat hulle so baie moet opoffer en vêr van hulle eie ondersteuningsbasis is, het sendelinge morele ondersteuning nodig.

Dié ondersteuning kan plaasvind deur middel van o.a. gebed en korrespondensie. Finansiële steun is nodig om hulle werk voort te sit, in terme van projekte wat geloots word. Boonop verdien hulle 'n karige salaris en is aangewese op dït wat hulle vanaf gemeentes ontvang. 'n Voorbeeld van so 'n projek is die radio stasie wat in Mosambiek geloots was om die Woord van God in die bos uit te dra. Die opleiding van mense om die radio stasie te beman asook die aankoop van die toerusting was gefonds deur o.a. ons gemeentelede. Alta Glas in Kambodja het 'n skool op die been help bring om Christene op te lei om evangelisasiewerk te kan doen. Ons kwartaalikse sendingblaadjie (Oestyd) gee 'n dieper insig in ons sendelinge se lewe en is beskikbaar by Chris Botha of ds. Tait.

Sendelinge lewe werklik in geloof - om God se Woord uit te dra en nie te weet wat môre vir jou wag nie - dan eers besef jy dat jy in God se genade lewe.

Ons ondersteun sendelinge in verskeie lande: Alta Glas in Kambodja, Dana wat werksaam is met die Koerde veral in Noord-Irak, hulp aan die Koerdiese kerk in Armenië, die van der Merwes in Mosambiek, die werk in Limpopo (Hannes Peens) asook in Laudium.

Chris Botha (082 862 1046) en/of ds. Tait (082 601 4235) kan gekontak word vir meer inligting.

# Bediening vir Uitreik

Volgens die HAT beteken uitreik:


(1) om te gee (gewoonlik aan meer as een persoon);
(2) om 'n hand uit te steek.

NG Rietfontein-Suid gemeente gee om, en ons leef dit uit op die volgende maniere:

Uitreik word in drie dele verdeel, nl. Aksiefonds Taakspanne (waarvan Sending Taakspan een is), Barmhartigheid Taakspanne en die Getuienis Taakspan.

By Aksiefonds Taakspanne betaal gemeentelede geld in vir 'n spesifieke doel. Die geld wat so inbetaal word, word slegs gebruik vir die doel van daardie taakspan. Ons sê dit is "in" en "uit" fondse - geld wat so inbetaal is word net so deur daardie taakspan aangewend. Voorbeelde hiervan is Huis 4 en Sending.

Die Barmhartigheid en Getuienis Taakspanne se fondse kom uit die kas van die kerk. Geld word deur die taakspan aangevra by - en goedgekeur deur die Taakspan van Finansies.



## Aksiefonds taakspanne

- **Huis 4** by **Jakaranda kinderhuis** – daar woon ongeveer 13 seuns onder toesig van voogouers. Die ouers poog om 'n normale gesinslewe aan die seuns te bied, iets wat hulle nooit voorheen gehad het nie. Ons is dankbaar vir die ouers, wat onder baie moeilike omstandighede, 'n groot verskil in die lewens van die kinders maak. Fondse word benodig, byvoorbeeld vir kos. Die enigste subsidie wat hulle vanaf die staat ontvang is R 3,50 per kind per ete (enige een wat jong seuns in 'n huis het weet dat seuns beslis nie net R 3,50 se kos per maaltyd eet nie). Ander fondse wat benodig word is vir klere, instandhouding, vervoer, en moet dus vanaf ander bronne verkry word.

  Ons gemeente help deur groente te verskaf op 'n gereelde basis. In April het ons van die seuns geborg om 'n vakansie by die Vaalrivier te geniet.

  Behalwe vir die badkamers, is die meeste gebreke/foute van huis 4 alreeds opgeknap. Enige verdere hulp hiermee sal waardeer word.

  Die kinders en Riaan (die huisvader), het een Sondagoggend vir die gemeente in 'n diens kom kuier waar Bybels aan hulle uitgedeel was.

  Vir verdere inligting oor die kinderhuis kontak Allan Prentice by 083 619 2676 of ds. Tait by 082 601 4235.
- **Huis Yana** - is 'n veilige hawe vir persone met skisofreniese afwykings. Hulle word weekliks besoek deur Pepe van der Westhuizen. Ds. Tait lewer gereeld dienste by die huis en voorsien aan die geestelike behoeftes van die inwoners. Ons jeug het al 'n paar uitreike na die huis gedoen om ondersteuning aan die inwoners daar te verleen. Kontak ds. Tait vir inligting.
- **Bybelgenootskap** - geld wat deur lidmate inbetaal word gaan net so na die Bybelgenootskap vir die druk en uitreik van Bybels. Kontak vir Jeanette de Beer by die kerkkantoor in verband daarmee.

**Brood vir Nood** voorsien op 'n twee weekliks basis kospakkies aan behoeftiges. Die aankope was altyd behartig deur Anna du Plessis maar is nou oorgeneem deur George en Karin Koch van Villeria. Dames van ons gemeente help met die verpakking en uitdeel van die pakkies wat vanuit die CMR kantoor behartig word, wat hier op ons pastoriegronde geleë is. Geld wat deur lidmate inbetaal word aan Brood vir Nood gaan vir die aankoop van kosvoorrade. Die nood het groter geword hierdie afgelope 6 maande en daar is tans 'n groot afname in die hoeveelheid fondse wat inkom. Fondse word dringend benodig.

Indien u meer wil weet van hierdie aksie kontak Susan Plaisier by (012)331-3644 (tussen 8h00–11h30) of ds. van Heerden by 083 660 1803.

**Jakob se Put** onderdsteun en help werksoekers. Donderdagoggende kom werkloses by die kerk bymekaar waar hulle inligting geneem en na werknemers uitgestuur word. Hulle ontvang ook iets te ete en 'n boodskap word aan hulle oorgedra deur ds. van Heerden.

Jakob se Put het 'n huis in Vosstraat, Sunnyside bekom wat gebruik word as deurgangshuis vir werkloses. 'n Huisvader en -moeder is aangestel om die bestuur van die huis te behartig. Die huisouers ontvang geen salaris nie maar hulle verblyf en voedsel is gratis. Die huis het baie werk gehad en baie daarvan was deur gemeentelede o.a Omgeegroepe en ons Jeug gedoen.

Vir meer informasie kan u Susan Labuschagne (072 860 4280) of ds. van Heerden (083 660 1803) skakel.

Hoewel Jakob se Put en Brood vir Nood, Ring-aksies is, speel ons gemeente (dmv ds. van Heerden se inisiatiewe) 'n leidende rol in die bestuur van hierdie aksies.